



HERFOKUS

V A S & G E B E D

1

Verlede jaar was ons fokus om God se hartklop te soek sodat ons in Sy wil en plan vir ons lewens kan groei. Is jy nog gefokus of het die afgelope jaar jou van jou fokus beroof?

Kom ons maak net weer van hierdie maand gebruik om ons fokus terug te kry op God se hartklop en dan GEFOKUS TE BLY.

WEEK 1 - 1-7 FEBRUARIE

(Matt 18:1-7 Afr53) Lees ook die Amplified vertaling.

Die dissipels vra vir Jesus oor die koninkryk en wie is die grootste in die koninkryk. Hulle wou meer weet oor hoe God se koninkryk lyk en werk.

Jesus antwoord en sê nie vir hulle hoe lyk die koninkryk in die hemel nie maar Hy sê vir hulle hoe dit lyk en moet lyk nou, hier op die aarde.

Ons bid laat U koninkryk kom, laat U wil geskied soos in die hemel net so ook op die aarde.

Jesus antwoord hulle dat hulle moet eerstens belydenis doen.

Amplified vertaling: "repent [that is, change your inner self—your old way of thinking, [live changed lives] and become like children [trusting, humble, and forgiving],


M.a.w.: hul eie lewens verander, hul manier van dink en doen, om weer te wees soos 'n kind. Want sonder dit is dit onmoontlik om in die koninkryk van die hemel te kom.

Kom sit net weer by jou Vader se voete en hoor wat Hy vir jou wil sê.

En dan noem die Amplified Vertaling drie dinge om soos 'n kind te wees.

1: VERTROUE - Is my vertroude nog in God vir my huis/kinders, toekoms en land of is daar areas in my hart wat ek vrees het?

Begin net weer te fokus op God/Jesus op wat Hy vir ons gedoen het, hoe Hy wil hê Sy koninkryk moet lyk en kom en dat Hy besig is en dat ek in lyn kom met waarmee God besig is.



2: VERNEDER - Verneder is om net weer onder God se hand in te beweeg, en dat ons sal weet dat God in beheer is. Dat ons sal mooi en fyn luister en ons trots sal laat staan en soos 'n kind van Hom sal begin leef.

3: VERGIFNIS - As ons saam ander mense stap, sal ons in Sy koninkryk, vergifnis leef.

Ander mense sal ons seermaak of verskil want mense het hul eie opinies, maar dat ons in vergifnis sal loop, sal seker maak dat ons vry is en dat ons in vergifnis sal bly LEEF want dit is hoe God se koninkryk werk.

Matt 18:6 Hoe ons optree in hierdie koninkryk op die aarde maak saak want ons het 'n invloed op ander mense en dit is kindertjies in die geloof wat nog nie sterk staan nie.

Verandering beteken om ontslae te raak van wat ons laat struikel, wat ander mense laat struikel en wat ons laat sondig want ons optrede het 'n invloed op mense om ons.

En dan is daar 'n vierde die LIEFDE.

GOD IS LIEFDE. OM GOD LIEF TE HÊ EN DIE BROEDERS LIEF TE HÊ. (I Joh 4:7-21 Afr53)

Het ons nog lief? Sien ons nog ander mense en hul nood raak?

Sien ons soos wat Jesus sien?

Behandel ons met liefde?

Hoe lyk liefde?

Leef/praat ons liefde?

BEÏNVLOED ons nog mense in LIEFDE om JESUS te VOLGG?

VAS EN GEBED - Saterdag 6 Februarie (Rom 8:26-28, Ps 91, Ps 46, Ef 6:10-18)

GEBEDSPUNTE: Ons bid vir:

KINDERLIKE GELOOF – Dat ons net weer sal glo soos 'n kind.

God se ONVOORWAARDELIKE LIEFDE ons sal oorspoel.

EENHEID, WYSHEID en LEIDING deur die HEILIGE GEES.

SIEKES en HOSPITALE – Mediese personeel.

SKOLE/UNIVERSITEITE.

Situasie waarin ons land/wêreld tans is.

BOERE se nood. Sê dankie vir die reën en bid vir reën waar daar nog geen reën geval het nie.

VERHOUDINGS.

OORWINNINGSLIED: GOD VIR ONS – WIE SAL TEEN ONS WEES? Rom 8:31-39

HERFOKUS

V A S & G E B E D

